



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

**GESKIEDENIS V1
FEBRUARIE/MAART 2012
ADDENDUM**

Hierdie addendum bestaan uit 12 bladsye.

VRAAG 1: WAAROM HET DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (VSA) EN DIE UNIE VAN SOSIALISTIESE SOWJETREPUBLIEKE (USSR) BETROKKE GERAAK BY DIE KUBAANSE MISSIELKRISIS?

BRON 1A

Die bron hieronder fokus op Khrushchev (President van die Sowjetunie) se redes om kernmissiele in Kuba te ontplooi.

Geneem uit *The Cuban Missile Crises: A National Security Archive Document Reader*.
(http://www.gwu.edu/~nsarchiv/nsa/cuba_mis_cri/declass.htm)

... Wat het die Russe gemotiveer om kernwapens in Kuba te ontplooi? Die dokument wat van die geheime lys verwyder is en openbaar gemaak is, dui aan dat Amerikaanse amptenare baie bewus daarvan was dat hulle ontplooiing in 1959 van Jupitermissiele naby die Sowjetgrens in Turkye en Italië die Sowjet-amptenare diep sou grief; selfs President Eisenhower het aangedui dat dit 'n uittartende stap was wat vergelykbaar was met die ontplooiing van Sowjetmissiele in 'Meksiko of Kuba'. 'n Militêre geskiedenis van die Jupiterstelsel, wat van die geheime lys verwyder is, openbaar dat die vuurpyle in April 1962 in werking getree het ... en dat dit bygedra het tot Khrushchev se voorstel om kernmissiele in Kuba te ontplooi.

BRON 1B

Hierdie artikel fokus op die reaksie van John F Kennedy (President van die VSA) en hoe hy die Kubaanse Missielkrisis hanteer het.

Geneem uit *The New York Times*, 23 Oktober 1962.

Oktober 23, 1962

VSA Stel Blokkade op Kuba in nadat Aanvalsmissielterreine ontdek is – Kennedy Gereed vir Sowjet-konfrontasie

Spesiaal by *The New York Times*

Washington, 22 Oktober – President Kennedy het vannag 'n vloot- en lugkwarantyn (blokkade) op die militêre aanvalstoerusting na Kuba ingestel.

In 'n buitengewoon gewigtige toespraak het hy vir die Amerikaners gesê dat die Sowjetunie, in teenstelling met beloftes, besig was om aanvalsmissiele en bomwerperbasse in Kuba te bou. Hy het gesê dat die basisse missiele kon hanteer wat kernplofkoppe van tot 2 000 myl kon dra.

Vanaand is dus 'n kritieke oomblik in die Koue Oorlog. Die President het besluit op 'n direkte konfrontasie met die mag van die Sowjetunie en om hulle uit te daag.

Twee aspekte van die toespraak was merkwaardig. Een was om die Sowjetunie direk voor te hou as die party wat vir die krisis verantwoordelik is. President Kennedy het Kuba en die regering van Premier Fidel Castro as 'n blote pion in die hande van Moskou beskryf en het die aangeleentheid as een met die Sowjetregering beskou ... Die President het dit duidelik gemaak dat hierdie land nie sou ophou nie om tot militêre aksie oor te gaan teen, wat hy genoem het, 'n 'geheime onverantwoordelike en uittartende bedreiging vir wêreldvrede'. ... Hy het 'n beroep op Premier Khrushchev gedoen om die missiele uit Kuba te onttrek en om sodoende 'die wêreld terug te trek uit die afgrond van vernietiging'.

BRON 1C

Hierdie spotprent, geteken op 20 Oktober 1962, beeld Khrushchev en Kennedy in 'n armdrukspeletjie uit. Dit het handel oor die ontplooiing van missiele in Kuba. Geneem uit *Essential Modern World History* deur S Waugh.



VSA

USSR

VRAAG 2: HOE HET JULIUS NYERERE SE BELEID VAN AFRIKA-SOSIALISME TANZANIË NA ONAFHANKLIKHEIDSWORDING VERANDER?**BRON 2A**

Hierdie bron bestaan uit 'n geskrewe en 'n visuele bron oor Afrika-sosialisme in Tanzanië.

GESKREWE BRON: Hierdie is 'n uittreksel geneem uit *Thinkers on Education* deur Y Kassam. (www.infed.org/thinkers/et-nye.html)

Binne die [Arusha] Verklaring was daar 'n verbintenis om basiese lewenstandaarde te verhoog. Die sosialisme waarin Nyerere geglo het, was 'mensgesentreerd'. Menslikheid in die volle sin van die woord, eerder as die verkryging van rykdom, moes eerste gestel word. Gemeenskappe word beter plekke deur die ontwikkeling van mense, eerder as om produksie te verhoog.

Die beleid het te doen gekry met belangrike politieke weerstand, veral toe mense in plattelandse woongemeenskappe ingedwing is. Byna 10 miljoen kleinboere is verskuif en baie is effektief gedwing om hulle grond te verlaat. Die idee van gemeenskaplike boerdery was vir baie kleinboere onaantreklik. Produktiwiteit het afgeneem. Die fokus op menslike ontwikkeling en selfstandigheid het egter 'n mate van sukses op ander gebiede meegebring, veral in gesondheid, onderwys en in politieke identiteit.

Nyerere het sy visie in *Education for Self-Reliance* uiteengesit. Opvoeding moes die algemene welstand verbeter, samewerking aanmoedig en gelykheid bevorder. Verder moes dit die realiteite van die lewe in Tanzanië ondersoek.

VISUELE BRON: Hierdie foto toon Tanzaniese vroue wat gemeenskaplike grond skoonmaak.

Geneem uit *Africa Since 1940* deur F Cooper.



BRON 2B

Hierdie bron bestaan uit twee bewerings oor Nyerere se beleid van Afrika-sosialisme.

**STELLING 1: Hierdie bewering is deur Julius Nyerere gemaak.
Aangepas deur G Mwakikagile in sy boek *Tanzania under Mwalimu Nyerere*.**

Ek dink regtig dat ek die suksesvolste eenpartystelsel op die kontinent gelei het. Jy sal dit dalk nie eens 'n party noem nie. Dit was 'n enkele, groot, nasionalistiese beweging ... Ek glo nie ons land sou gewees het waar dit nou is, as ons veelvuldige partye gehad het nie, wat stamvas sou word en baie probleme sou veroorsaak.

Ons het 'n land oorgeneem waar 85% van sy volwassenes ongeletterd was. Die Britte het ons vir 43 jaar lank regeer. Toe ek uitgetree het, was daar 91% geletterdheid en byna elke kind was op skool. Ons het duisende ingenieurs, dokters en onderwysers opgelei.

STELLING 2: Hierdie bewering is deur J Atkin gemaak en is in Desember 1999 in *In Motion Magazine* gepubliseer.

Toe Nyerere gevoel het dat die lede van die Parlement, almal verkose uit die een party, *Tanganyikan African National Union* (TANU), uit voeling met die mense was, het hy hulle gedwing om die tweehonderd myl deur die platteland na die jaarlikse partyvergadering in Mwanza te loop. Warm en vol stof het hulle saam met die mense in die dorpie gebly en die werklike omstandighede op die platteland weer beleef, nie dié van die stad en die opgevoede staatsdiensklas nie. 'n Klas wat in Wes-Afrika die Wa-Benz [mense van die Mercedes Benz] genoem is. Hoe moes hulle dit nie gehaat het nie!

VRAAG 3: WATTER ROL HET DIE BURGERREGTEBEWEGING GESPEEL OM VERANDERING IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (VSA) GEDURENDE DIE 1960's TEWEEG TE BRING?**BRON 3A**

Hieronder is 'n uittreksel oor die Burgerregtebeweging uit *Speeches that Changed the World*. Dit het in *The Star*-koerant, 21 April 2011, verskyn.

Gedurende die laat '50's en '60's, toe Amerika aan die brand was soos hy met sy kollektiewe gewete oor rassediskriminasie geworstel het, het 'n jong Baptiste-predikant na vore getree om die stryd om gelykheid te lei. Die man was dr. Martin Luther King Jr., 'n welsprekende, betowerende prediker wat gedryf is om sy land van rassediskriminasie te verlos.

Hy is in die internasionale kollig ingedruk toe hy die busboikot in die dorpie Montgomery, Alabama, gelei het. Dit is begin nadat 'n swart fabriekswerker, Rosa Parks, gearresteer is omdat sy geweier het om haar sitplek in 'n deel van 'n bus wat vir wittes gereserveer is, af te staan. Die boikot het die Amerikaanse Federale Hooggeregshof gemotiveer om rassese segregasie op openbare vervoer onwettig te verklaar. Dit was 'n oorwinning vir Martin Luther King Jr. en sy ondersteuners in die Suidelike Christelike Leierskapkonferensie.

BRON 3B

Die bron hieronder bestaan uit 'n geskrewe en 'n visuele bron. Dit fokus op die aksies van die Burgerregtebeweging.

GESKREWE BRON: Die volgende uittreksel is deel van die brief wat Martin Luther King Jr. geskryf het terwyl hy in die tronk in Birmingham was. Geneem uit *For the Record: A Documentary History of America Volume Two* deur DE Shi.

Ons het langer as 340 jaar vir ons konstitusionele en Godgegewe regte gewag. Die nasies van Asië en Afrika beweeg met die spoed van 'n straler in die rigting van die eindpunt van politieke onafhanklikheid, en ons kruip steeds teen die pas van 'n perdekar in die rigting daarvan om 'n koppie koffie by 'n middagete-toonbank te kry. Miskien is dit maklik vir diegene wat nog nooit die bytende donkerte van segregasie gevoel het nie, om te sê: 'Wag.' Maar wanneer jy boosaardige bendes gesien het wat jou moeders en vaders na willekeur ophang en jou susters en broers soos hulle lus het, verdrink; wanneer jy polisiemanne vol haat jou broers en susters sien vloek, skop en selfs doodmaak ... dan sal jy verstaan waarom ons dit moeilik vind om te wag.

VISUELE BRON: Hierdie is 'n foto wat 'n Afro-Amerikaanse betoger toon wat in 1963 deur polisiehonde in Birmingham, Alabama, aangeval word. Geneem uit *Race Relations in the USA Since 1900* deur V Sanders, et al.



BRON 3C

Die bron hieronder bestaan uit twee uittreksels oor die Burgerregtebeweging en reaksie daarop.

UITTREKSEL 1: Die volgende is deel van die bekende 'Ek het 'n droom' ('I have a dream') -toespraak wat deur Martin Luther King Jr. gelewer is. Geneem uit 20th Century Leaders deur P Chrisp.

In 1963 het King 'n groot optog vir gelyke regte in Washington, DC, gelei. Met 'n massiewe skare van meer as 250 000 volgelinge, het King na die staat se hoofstad gemarsjeer en sy nou beroemde 'Ek het 'n droom' ('I have a dream') -toespraak, waarin hy vra vir gelyke behandeling vir alle Amerikaners, gelewer. As gevolg van die optog en die toespraak het die inwoners van die land groter druk op die presidensiële regering van John F Kennedy geplaas en die President aangemoedig om aan te dring daarop dat burgerregtewette deur die Kongres aanvaar word en op nasionale vlak erken word.

'... Ek sê vir julle vandag, my vriende, dat selfs al staar ons vandag en môre probleme in die gesig, het ek nog steeds 'n droom. Dit is 'n droom wat diep gewortel is in die Amerikaanse droom. Ek het 'n droom dat hierdie nasie eendag sal uitstyg en die ware betekenis van sy geloofsformulier sal uitleef. Ons beskou hierdie waarhede as vanselfsprekend, dat almal gelyk geskape is. Ek het 'n droom dat dit eendag op die rooi heuwels van Georgia vir die seuns van voormalige slawe en die seuns van voormalige slawe-eienaars moontlik sal wees om saam om die tafel van broederskap te sit ...'

UITTREKSEL 2: Hierdie uittreksel fokus op die groeiende ontevredenheid met die Burgerregtebeweging. Geneem uit die geskiedenis tydskrif *Hindsight*.

Ten spyte van die burgerregtewette, bly die realiteit van die lewe in Amerika dat Afro-Amerikaners oorweldigend armer was as wittes en minder waarskynlik werk sou kon vind. Hulle kinders het 'n swak opvoeding ontvang in skole wat te min fondse ontvang het. Gevolglik het 'n nuwe beweging verskyn, beïnvloed deur jonger en meer militante swartes, wat geargumenteer het dat die burgerregtewette baie min gedoen het om rassisme of diskriminasie op die gebiede waar dit die nodigste was, te beëindig. Prominent onder hulle was Malcolm X, wat uitgewys het dat, alhoewel segregasie in die noorde van die land onwettig was, swartes nog steeds gereeld die teken van rassediskriminasie was.

Organisasies soos die Black Panthers het teen 'n strategie van vreedsame burgerlike ongehoorsaamheid standpunt ingeneem en het eerder 'n beroep gedoen vir 'n volkskaalse oorlog teen wit Amerika. Groeiende rassspanning het in 1965 in verskriklike geweld regoor die VSA uitgebars.

VRAAG 4: HOE HET DIE FILOSOFIE VAN SWART BEWUSSYN DIE SOWETO-OPSTANDE VAN 1976 BEÏNVLOED?**BRON 4A**

Hierdie uittreksel fokus op die taalbeleid van die Departement van Bantoe-onderwys. Geneem uit 'South African History Online (SAHO)' *The Youth Struggle*. (www.sahistory.org.za/pages/governance_projects/june16/june16.htm)

Die saak, wat groot ontevredenheid veroorsaak het en gegriefdheid in die 1976-opstand laat oorkook het, was 'n wet wat deur die Departement van Bantoe-onderwys uitgereik is. Die Adjunkminister, Andries Treurnicht, het instruksies na skoolrade, inspekteurs en skoolhoofde uitgestuur dat Afrikaans voortaan op gelyke basis met Engels as onderrigtaal in alle skole gebruik moes word. Hierdie instruksies het onmiddellik negatiewe reaksie uit verskillende oorde van die gemeenskap uitgelok. Die eerste liggaam wat gereageer het, was die Tswana-skoolraad, bestaande uit rade van Meadowlands, Dobsonville en ander gebiede in Soweto. Die notule van die vergadering van die Tswana-skoolraad, gehou op 20 Januarie 1976, het soos volg gelees: *'Die kringinspekteur het die Raad vertel dat die Sekretaris vir Bantoe-onderwys gesê het dat alle direkte belasting wat deur die swart bevolking van Suid-Afrika betaal word, na die verskeie tuislande vir onderrigdoeleindes daar gestuur word ... In die stedelike gebiede word die onderrig van 'n swart kind deur die blanke bevolking, dit is die Engels- en Afrikaanssprekende groepe, betaal. Dus het die Sekretaris vir Bantoe-onderwys die verantwoordelikheid om die Engels- en Afrikaanssprekendes tevrede te stel. Gevolglik, as die enigste manier om albei groepe tevrede te stel, sal die medium van onderrig in alle skole op 'n 50-50-basis wees ... In die toekoms, indien skole nie 'n spesifieke vak in die Departement se voorgeskrewe medium onderrig nie, sal eksamenvraestelle slegs opgestel word in die medium met geen opsie van 'n ander taal nie.'*

Die leerlinge het hulle aanvanklik in plaaslike kulturele groepe en jeugverenigings georganiseer, tot die totstandkoming van 'n aksiekomitee op 13 Junie 1976, wat later die 'Soweto Student Representative Council (SSRC)' genoem is. Hulle is beïnvloed deur nasionale organisasies soos die 'Black Peoples' Convention (BPC)', Suid-Afrikaanse Studentevereniging ('SASO') en die filosofie van Swart Bewussyn. Hulle het die idee om in die taal van die onderdrukker onderrig te word, verwerp.

BRON 4B

Hierdie bron is 'n gedenkplakkaat van Steve Biko.
Geneem uit *Biko – The Quest for a True Humanity*.

**"The most potent
weapon in the hands
of the oppressor is
the mind of the
oppressed."**

Steve Biko,
Speech in Cape Town,
1971

**VERTALING IN AFRIKAANS**

'Die kragtigste wapen in die hande van die onderdrukker is die denke van die onderdrukte.'

Steve Biko, toespraak in Kaapstad, 1971

BRON 4C

Die bron hieronder bestaan uit twee uittreksels oor die Soweto-opstande.

UITTREKSEL 1: Hierdie is 'n bewering deur Khotso Seatlholo – 'n student en lid van die 'Soweto Student Representative Council (SSRC)', 29 Oktober 1976. Geneem uit www.sahistory.org.za/classroom/education-350years/timeline/1970s.html.

In 'n stelling namens die 'Soweto Student Representative Council (SSRC)', sê Khotso Seatlholo: 'Ons het die volste reg om op te staan en die hele apartheidsstelsel te verwerp. Ons kan dit nie aanvaar soos ons vaders dit gedoen het nie. Ons is nie ewebeelde van ons vaders nie. Waar hulle gefaal het, sal ons sukses behaal. Die foute wat hulle gemaak het, sal nooit weer herhaal word nie. Hulle het die stryd gedra tot waar hulle kon. Ons is baie dankbaar teenoor hulle. Maar nou is die stryd ons s'n. Die bal van vryheid is nou in ons hande. Die swart leerling sal vreesloos opstaan en die wapens teen 'n politieke stelsel opneem... Ons sal opstaan en 'n politieke ideologie, wat ontwerp is om ons in 'n aanhoudende staat van onderdrukking en onderdanigheid te hou, vernietig.'

UITTREKSEL 2: Hierdie uittreksel fokus op Jimmy Kruger se siening van die rol van die polisie gedurende die Soweto-opstande.

Geneem uit *SOWETO – A History: Based on the Video Documentary, Soweto: A History* by P Bonner et al.

Jimmy Kruger, die Minister van Justisie en Polisie, het in 'n emosioneel belaaide byeenkoms in die Parlement gesê dat die regering 'nie verwag het dat so iets sou gebeur nie' en niks kon doen om die krisis te vermy nie. Hy het eenvoudig die 'opstande' op 'opstokers', wat die rasse in Suid-Afrika gepolariseer het, geblameer en onomwonde ontken dat die polisie die geweld aangehits het.

'Baie van die sogenaamde griewe is verregaande. Ek het geen griewe gevind wat aangedui het dat die Bantoe Administrasie in sy werk misluk het nie. My eerste taak sal wees om Suid-Afrika vry te maak van die boewe op straat ... Die polisie het hulle met die grootste mate van geduld, in die aangesig van die grootste uittarting, gedra. Die polisie het alles in hulle mag gedoen om die leerlinge onder beheer te bring en is uiteindelik gedwing om waarskuwingskote oor hulle koppe af te vuur.'

'n Polisiekolonel wat op die toneel was, het egter in teenstelling met Kruger gesê: 'Ons het tussen hulle in geskiet – dit help nie om oor hulle koppe te skiet nie.'

ERKENNINGS

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

- Atkin, J. 1999. *In Motion Magazine – Julius Nyerere* (Washington; Portland)
Bonner et al. *Soweto – A History* (Cape Town; Longman)
Chrisp, P. 2002. *20th Century Leaders* (Great Britain; White Thompson Publishers)
Cooper, F. 2002. *Africa Since 1940 – The Past of the Present* (Cambridge University Press)
Fairclough, A. 1990. *Makers of the 20th Century* (Great Britain; Macdonald Publishers)
Govender, SP et al. 2006. *New Generation History Grade 12* (Pinetown; New Generation Publishing Enterprises)
Graves, F et al. 2006. *Moments in History* (Cape Town; Juta Gariep)
Hindsight – *History Magazine*. 2002. (London)
<http://www.googlebooks.com>
<http://www.gwu.edu/~nsarchiv/nsa/cuba> mis cri/declass.htm
Kassam, Y. 1995. *Thinkers on Education – Julius Nyerere* (Paris; UNESCO Publishing)
Lane, P. 1978. *The USA in the Twentieth Century Leadership vol. 10* (London; Batsford)
Mwakhikagile, G. 2006. *Tanzania under Mwalimu Nyerere* (New African Press; Dar es Salaam)
The New York Times, 23 October 1962
Sanders, V et al. 1990. *Race Relations in the USA Since 1900* (Washington; Harper)
Shi, DE et al. 1999. *For the Record: A Documentary History of America Volume Two* (Washington; WW Norton)
Smith, N. 2000. *The USA 1917–1980* (Oxford; Oxford University Press)
Steve Biko Foundation. 2007. *Biko – The Quest for a True Humanity*
The Star, 21 April 2011
Waugh, S. 2001. *Essential Modern World History* (Italy; Canale)
www.infed.org/thinkers/et-nye.html
www.sahistory.org.za/classroom/education-350years/timeline/1970s.html
www.sahistory.org.za/pages/governance_projects/june16/june16.htm